H O O F S T U K II.

EINDELIK VREDE.

Waarheen gaan die trek? Waarheen word geswerwe? Baie gesinne gaan met verwante suidwaarts, na die Hoëveld of na die Vrystaat toe. Party bly en swerwe in die buurt, sonder raad, of in die hoop dat alles tog nog sal regkom. Om die aftog te dek verwyl kommandant-generaal Kruger met 'n deel van 'n kommando naby Malietsieland (1). Enkele dae later, op 20 Julie 1837, skryf hy sy eerste brief aan die staatspresident oor die droewige gebeurtenisse (2). Hy laat die president weet dat die hele saak teen sy wil gebeur het, dat hy nie van plan is om die dorp in die hande van die barbare te laat nie, dat hy, om die mense te paai, Marabastad as voorlopige verblyfplek aangeraai het; en ten slotte versoek hy die president dringend om na hom toe te kom, ten einde hom met raad en daad by te staan in die verdeeldheid en onwilligheid van sy manskappe.

'n Klomp vlugtelinge wat nie van plan was om die streek te verlaat nie, het op die ou kerkplek Renosterpoort laer getrek; dis daar dat ds Van Warmelo op 20 Julie 1867 sy eerste preek hou oor die veelseggende en passende woorde uit Daniel 5: "Getel, geweeg, maar te lig bevind." (3). Op 29 Julie vergader die kerkraad op Renosterpoort om die noodtoestand te bespreek en om 'n protesskrywe aan die staatspresident en die Uitvoerende Raad te rig (4). Die kerkraad laak daarin die krygsraad omdat hulle sonder raadpleging oor kerkgoedere beskik het; die getroffe maatreëls is 'n skande vir die Republiek/...

---

1. Van Oordt, J.F., op. cit., bl.133. Skrywer besluit daar sy verhaal van die Soutpansbergse onluste met: "... dit is de ware geschiedenis van de beruchte verlating van het dorp..."
2. R 727/67 Kommandant-generaal aan die staatspresident, Lager aan Sandrivier(naby Renosterpoort), 20 Julie 1867.
3. Engelbrecht, S.P., op. cit., bl.58.
4. ibid., bls.59, 60, 61 waar in extenso die brief oorgeneem is.

blick, hulle het 'n groot stoflike verlies berokken, maar die geestlike verlies is darem nog groter; dringend word om steun versoek vir 'n nuwe kerk, vir 'n pastorie en vir 'n skool en ook vir die bystand van baie noodlydendes. Verder verwag die kerkraad publikasie van daardie skrywe oor die hele land.

Ook ander stemme gaan op oor die ontruiming en almal gaan akkoord om dit as 'n skande vanweë die Republiek te brandmerk. Luister na die brief van D.S. Maré (5):

> "De krygsraad, voor het merendeels bestaande uit leden die niet tot de Nederd. Hervormde Kerk hier te lande behoorden, heeft op eene uiterst ligtvaardige wijze in 3 dagen tijds 'n dorp opgegeven dat 19 jaren bestaan heeft, met 'n kerk, pastorie en school, alwaar alles tot ontwikkeling en beschaving behoorde en dienen kon tot geestelijk welzijn der inwoners, in eene bloeiende toestand verkeerde en alwaar eensklaps een einde is gemaakt tot onberekenbare schade en nadeel der inwoners..."

Landdros van Nispen (6) en J. Beukes (7) skrywe in dieselfde trant aan die regering; en J. Albasini in een van sy briewe (8) beskou die ontruiming " als een der grootste politieke erreuren dat kan uitgedacht worden ". Verder deel hy mee, dat hy hom met 27 blanke inwoners in sy skans "Goede Wensch" teruggetrek het, en versoek om kos en ammunisie vir sy laer. 'n Memorie, daarby gevoeg, bepleit iets ongehoords nl. om alle uitlatinge en vonnisse van die Hooggeregshof, wat laas op Schoemansdal sitting gehou het, as ongedaan te beskou.

Die Uitvoerende Raad, verkeerd ingelig deur hierdie reaksie en uitbarstings asmede deur die onvolledige mededelinge van terugkomers uit Zoutpansberg, roep 'n spoedvergadering saam op 7 Augustus (9). Onwyslik lug die Uitvoerende Raad

sy/...

---

5. R 933/67 D.S. Maré aan die staatspresident, 7 Sept. 1867, Zoutpansberg.
6. R 1516/67 Landdros van Nispen aan die staatspresident, Zoutpansberg, 12 Okt. 1867.
7. R 848/67 J. Beukes aan die Uitvoerende Raad, Zoutpansberg, 19 Aug. 1867; aangehaal deur Hudson, E.H., in "Die Geskiedenis van die onderwys in die gebied Zoutpansberg, met verwysing na die maatskaplike verband." (onuitgegewe proefskrif) bl.102.
8. R 782/67, J. Albasini aan die staatspresident, Goede Wensch, 20 Julie 1867.
9. U.R. II Notulen van 7 Augustus 1867 aangehaal deur Naudé, P., op. cit., bl.154

sy misnoeë en afkeuring in volgende bewoordinge:

> "De Uitvoerende Raad besluit aan den kommandant-generaal Kruger kennis te geven dat de Uitvoerende Raad zich niet kan vereenigen met de daad om het geheele dorp Schoemansdal aan de vijanden af te geven, waardoor een schandvlek word geworpen op de Republiek, en heeft derhalve aangenomen het aanbod van vrijwilligers om onder bevel van den heer Stephanus Schoeman te trachten het dorp weder in te nemen, tevens de heer Schoeman magt gevende zooveel vrijwilligers waar hij die kan krijgen zelf te verzamelen, den vijand uit te drijven en het dorp weder zijne vorige standplaats te doen verkrijgen, daar de Uitvoerende Raad niet kan of mag goedkeuren om kerk en school, kantoren en particulier eigendom aan den vijand tot verwoesting ongestraft af te geven, en beschouwt, dat het voor het land beter zou geweest zijn dat er geen krijgsmagt was heengetrokken, dan dat de krijgsraad er toe was overgegaan om het dorp op te geven."

Ondertussen bly P. Kruger met 'n groepie kommando-mense naby Renosterpoort en Klipdam. Einde Julie trek hy Marabastad toe waar hom meegedeel word dat kaptein Machem vee gesteel het en dreig om sy mense aan te val (10). Machem, wat in die kranse noord-wes van Potgietersrus gewoon het, kry bevel van die krygsraad om die kranse te verlaat en 5, 6 myl verder langs die Magalakwin te gaan woon, Machem weier egter. Toe bestorm Kruger met sy mense die kranse en ja hom noordwaarts. 'n Klomp kaffermeide en kinders is toe gevat en ingeboek. Die Volksraad het Kruger op 9 September vir hierdie daad berisp en hom verplig om die ingeboektes terug na die stam te stuur (11). Na Machem se afstraffing trek die kommandant-generaal met wat hom aan manskappe nog oorbly na Makapaanspoort, waar hy 45 man as wagte agterlaat en die res van die kommando ontbind (12).

Uit Kruger se eerste brief na sy tuiskoms blyk dat hy erg verbolge was oor die beslissing van die Uitvoerende Raad wat op 7 Augustus sy handelinge so ligvaardig veroordeel het (13). Dringend versoek hy om 'n Uitvoerende Raadsvergadering ten

einde/...

---

10. Bredell, Grobler, op. cit., bl.62.
11. V.R. Besluit 9 Sept. 1867, aangehaal en gekommenteer deur Van Oordt, J.F., op. cit., bls.132, 133.
12. ibid.
    R 857/37 Kruger aan staatspresident, Waterkloof, 18 Aug. 1837.
13. ibid., as nr. CLII in Engelbrecht, S.P., op. cit.

einde 'n volledige rapport oor sy veldtog te kan gee, en bepleit straf vir die skuldiges "al gaat het ook op dood of leven, of anders zullen wij ons land moeten opgeven."

Op 28 Augustus het die spesiale Raadsitting plaasgevind (14). Weens die belangrikheid en die ingewikkeldheid van die hele Zoutpansberg-kwessie, is hierdie saak na die Volksraad verwys. Op 9 September het die Volksraad dit inderdaad behandel, en 'n kommissie bestaande uit H.T. Bührmann, F. Jeppe, J. Wolmarans, J. Steyn en D.Steyn benoem om die saak te ondersoek en 'n rapport in te dien (15).

Die kommissie van vyf het 'n breedvoerige verslag met dokumente en verwysinge opgestel en dit op 12 November in die Volksraad voorgedra (16). Punt vir punt het die Volksraad die verslag goedgekeur (17). As vernaamste oorsake van die terugslag by Schoemansdal is opgesom: gebrek aan ammunisie, verdeeldheid, ongehoorsaamheid en ongesonde klimaat; en die rapport sluit met:

> "dat omstandigheden in acht genomen de kommandant-generaal S.J.P. Kruger niet anders heeft kunnen handelen dan zooals hij gedaan heeft"(18)

Hierdie laaste punt is deur die Volksraad volgenderwys verander, en het aldus ook 'n tyd lank in die staatskoerant verskyn (19):

> "De Raad is van gevoelen, dat, hoezeer het verlaten van Schoemansdal, en het daardoor aan de barbaren ten prooi te geven, te betreuren zij, en een zekere schandvlek op de krygsmagt onzer Republiek heeft geworpen; deze verlating niet aan lafhartigheid of moedwillig verzuim van pligt of gebrek aan krijgsbeleid van de kommandant-generaal S.J.P. Kruger kan worden toegeschreven, doch dat vele bijeenlopende en onvoorziene omstandigheden gepaard met verdeeldheid in het lager, daarvan de oorzaak zijn geworden."

Die President M.W. Pretorius het hom die saak erg aange-

trek/...

---

14. U.R. II, Notule van die Uitv. Raad, 28 Aug.1867,arts.1,2
15. V.R. VII, Notule van die Volksraad, Sept.1867 arts 82, 83, 84.
16. Van Oordt, J.F., op. cit., bl.133.
    Naudé, P., op. cit., bl.166.
17. E.V.R. VII, Volksraad-notule, 12 Nov. 1867, art.150 aangehaal deur Naudé, P., op. cit., bl.166.
18. E.V.R. VII, Volksraad-notule, 13 Nov. 1867.
19. Staatskoerant 18 Des. 1867.

trek. Hy het van plek tot plek gereis om mense aan te set om onder leiding van Stefaan Schoeman die verlore Schoemansdal te gaan herwin en om die eer van die Republiek te red, soos hy gesê het (20). Ook het hy daartoe herhaalde oproepe in die staatskoerant laat plaas (21). Nieteenstaande die belofte van 'n billike vergoeding in grond het nogtans slegs 53 man hulle aangebied(22).

Onvervaard trek St. Schoeman met sy 53 man noordwaarts. Hy skrik darem terug vir 'n aanval op Makapaan wat dit anders sou verdien het, want hy het netnou 'n patrollie van die wag aangeval en dreig om die verbinding Zoutpansberg-Pretoria te verbreek. Schoeman trek oor Marabastad en Renbsterpoort na die puine van die verlate dorp, waar 'n volksvergadering saam met enkele bevriende stamme belê word(23). Daar word besluit om voorlopig die hoofskuldiges nie te molesteer nie, maar wel kleiner vyandige stamme. Na 'n paar skermutselinge het Schoeman egter ook hierdie plan opgegee en op 23 Desember het hy sy klein kommando ontbind (24). In sy brief aan die staatspresident vanuit die skans van Albasini, Goede Wensch, gee hy 'n kort verslag van sy veldtog en beskou hy die Dorps- en Doornrivier as die voorlopige suidergrens van Magato se gebied (25).

Magato self het gedreig om elke witmens wat oor hierdie grens kom dood te maak (26). Verder was die lewe van die mense wat nog in Zoutpansberg na die ontruiming gebly het, onseker en armoedig (27). Baie petisies, klagtes en memories word Pretoria toe gestuur. Ook die kommandant van die wag op Makapaanspoort kla oor wandade en strooptogte. Kommandantgeneraal Kruger antwoord op 19 Desember dat:

"Tot/...

---

20. Theal, op. cit., Vol. IV, bl.486.
    Van Oordt, J.F., op. cit., bl.134.
21. Staatskoerant nrs 212,214, 216, van 14, 20, 28 Aug. 1867.
22. Theal, op. cit., Vol. IB, bl.487.
    Van Oordt, J.F., op. cit., bl.134.
23. ibid.
24. Theal, op. cit., Vol. IV, bl.487.
25. R 1263/67 S. Schoeman aan staatspresident, Goede Wensch, 25 Des. 1867.
26. Hudson, E.H., op. cit., bl.112.
    Munnik, G.G., Kronieke van Noordelike Transvaal, bl.47.
27. Hierdie bewering word bewys en verduidelik in die volgende hoofstuk.

> "Tot mijn leedwezen kan ik op dit ogenblik nog geen kommando oproepen daar de menschen nog aan 't oogsten en aan 't ploegen zijn"(28).

Ook skryf Kruger aan die staatspresident oor die noodsaaklikheid van 'n nuwe kommando. Op 23 Desember 1867 besluit die Uitvoerende Raad om opnuut 'n groot kommando op te roep, ten einde oneer te herstel, onreg te straf en mense in hul ellende by te staan.

In Januarie 1868 het die oproeping plaas, en die kommando's van die verskillende wyke sal op 20 Februarie 1868 by Kranskop aan die Nylrivier(Magalakwin) moet saamkom (29). In sy briewe, aan die staatspresident in Januarie geskryf, dring die kommandant-generaal daarop aan om tog te sorg vir voldoende ammunisie en manskappe; ook hou hy die president op die hoogte van wat die kommandant van die wag hom meld (30).

Kruger wag op 20 Februarie die kommando's af. Die opkoms was 'n ontgoëling. Van die duisend opgekommandeerdes was daar volgens Kruger se brief van 9 Maart: 48 uit die distrik Marico, 65 uit die distrik Potchefstroom, 140 uit die distrik Rustenburg, 24 uit die distrik Pretoria, 82 uit die distrik Waterberg, - en hy besluit:

> "ik moet mij waarlijk schamen, wanneer ik ga nadenken hoe sterk onze staat is waaruit in 't geheel slechts 359 burgers opgekomen zijn..."(31)

Ook op 2 Maart wys Kruger op die belang van die veldtog:

> "als ik niet genoegzaam burgers krijgen en niet sterk genoeg zijn om de vijand te overwinnen, zal dit distrikt verlaten wordt want de vijanden zijn veele en de bergen zijn overstroomt van kaffirs"(32).

En soos ons lees in sy rapport van 16 Maart sit die kaffers nie stil nie (33). In die nag van 11 Maart is 80 tot 90

beeste/...

28, Engelbrecht, S.P., op. cit., brief CLV, bl.127.
29. ibid., briewe CLVII, CLVIII, CLIX, van 2, 6, 24 Jan. 1868.
30. ibid.
31. ibid., brief CLXII, Kommandant-generaal aan staatspresident, Lagerplaats aan Makalakalskop, 9 Maart 1868.
32, ibid., brief CLXI, Kommandant-generaal aan staatspresident, Makalakalskop Makapaanspoort, 2 Maart 1868.
33. ibid., brief CLXIII, Kommandant-generaal aan staatspresident, Lagerplaats aan Makapaansspoort, 16 Maart 1868.

beeste naby Renosterpoort by J. Watt en Ferreira gesteel; op die plaas Noemnoemdraai (Bethesda) is by sendeling St. Hofmeyr alle beeste gesteel; die huis van G. Fourie is afgebrand; P. van der Walt is gekwets en 15 van sy beeste is gesteel; selfs sy eie skanse is aangeval, ens. ens... en die klagteslitanie gaan verder. Sy kommando is nou nog net 253 man sterk, daar hy 100 man moes afstaan om voortdurend die plase in Zoutpansberg te bewaak. Hy besluit sy rapport met die immer herhaalde versoek vir:ammunisie, meer mense, slagbeeste, perde, negosieware, en klerasie. Hy spoor die president nogmaals aan om streng teen die diensweieraars op te tree. Kruger se toestand was nie rooskleurig nie.

Aangesien die bestorming van Makalakalskop, kaptein Machem alias Makalakal se vesting, op 17 Maart weens gebrek aan voldoende manskappe en ammunisie op 'n mislukking uitloop, besluit Kruger om die landerye van Makapaan, Makalakal se bondgenoot, te verwoes. Uit Kruger se brief van 18 Maart kan ons aflei hoe teleurgesteld hy is oor sy onmag:

> "Ik beveel 2000 man, 't is niet te veel want de gansche naturellestamme spannen hier samen "(34).

Dis miskien 'n beetjie te pessimisties gestel daar hy hoërop in hierdie skrywe en ook in ander briewe meedeel dat hy op Matlala, Sebediela en Malietsie kan reken.

Op 23 Maart kla Kruger weer oor 284 beeste deur Makapaan gesteel en dat die nuus van alle kante baie ongunstig is. Woedend eindig hy sy brief:

> "Ik moet menschen hebben, de Republiek is tog 8000 man sterk"(35).

Hy het nou genoeg gehad van al daardie nuttelose geklaag en nuttelose geskryf om manskappe en ammunisie; hy sal persoonlik Pretoria toe gaan om die onuithoubaarheid van die toestand in Zoutpansberg aan die Volksraad voor te lê (36).

Weer/...

---

34. ibid.,brief CLXIV, Kommandant-generaal Kruger aan staatspresident,Lagerplaats aan Makalakalskop, 18 Maart 1868.
35. ibid.,brief CLXVI, Kommandant-generaal Kruger aan staatspresident, Potgietersrus, 23 Maart 1868.
36. Van Oordt, J.F., op. cit., bl.134.

Weer word die netelige toestand bespreek nl. die onwilligheid van die burgers en die finansiële nood van die Republiek, waardeur dit vir die regering onmoontlik is om voldoende ammunisie aan te skaf (37). Hoe om aan geld te kom? Die papiergeld sedert 1865 uitgegee het meer as 30 persent van sy waarde verloor. Na oortuiende woorde van Kruger stem die Volksraad 'n nuwe uitgifte van £45,000 in banknote om die onkoste van die kommando te dek. Duisend goewermentsplase, sowat 3,000,000 morg, sou as proviso aangeteken word om die hele openbare skuld, wat met hierdie uitgifte tot £65,000 gestyg het, te dek (38).

Met nuwe moed kommandeer Kruger weer 'n kommando van 1000 man, wat op 31 Mei naby Kranskop moes saamkom. Op 3 Junie skryf hy:

> "ik ben gisteren alhier aangekomen met slechts 750 nieuwe burgers; van die distrikte Lydenburg, Utrecht, Wakkerstroom en Marico zijn geen enkele opgekomen"

en hy versoek om onverbiddelik die boetes te in (39).

Op Saterdag 13 Junie sou Kruger die groot aanval op Makapaan waag. Makapaanse vesting was hoog in klowe en op kranse, en hy het meer as 5000 krygers gehad (40). Hier volg 'n paar sinsnedes uit die rapport van die kommandant-generaal:

> "met ongeveer 500 burgers en de trouwe kaffers trok ik uit tegen Mapela(=Makapaan)... we hebben dapper gevochten ... heel de berg behalve de top ingenomen...H. Eck, J. du Preez en A. du Preez zijn gesneuveld, 10 burgers gewond, 5 kaffers dood en 5 gekwetst, ...300 vijanden dood, 1900 à 2000 beeste, 300 schapen, 12 geweren werden genomen..."(41).

Op Maandag 15 Junie om 6.30 in die môre begin die tweede aanval, nou om die top te verower. Tot 4 u. in die namiddag het hulle geklim en geskiet; sowat 1000 skanse, sê Kruger in sy

rapport/...

---

37. Theal, op. cit., bl.134.
38. ibid.
39. Engelbrecht, S.P., op. cit.,brief CLXXV, Kruger aan die staatspresident, Lagerplaats aan Kranskop,3 Junie 1868.
40. Theal, op. cit., Vol.IV, bl.488. Om verwarring te voorkom dien gesê dat die stam onder die naam Mapela's nog bekend is. Die kaptein Mapela is in 1825 dood. Tot 1830 het die opvolger, Makapaan, 'n voog gehad. Vanaf 1830 tree hy self as kaptein op tot 1877, die jaar van sy dood. In boeke en dokumente word hierdie straftog van 1868 ten onregte nog Mapela se oorlog genoem.(Munnik, op. cit.,bl.45)
41. Engelbrecht, S.P., op.cit.,brief CLXXVII, Kommandant-generaal aan staatspresident, Lager by Mapela, 16 Junie 1868.

rapport, is verower maar nie die top nie. Hy prys die kommando om hul eensgesindheid en goeie gehoorsaamheid en vermeld die ou Schoemansdalers vir hulle dapperheid; 'n bietjie ontgoël sluit hy sy brief af met die woorde:

> "we hebben gedaan wat we konden en meer zal nimmer gedaan worden of ik moet met moedwil de Burgers laten doodschieten als ongedierte." (42)

Na hierdie gedeeltelike mislukking kom die onverwagte nuus dat die stamme in die noorde van Zoutpansberg onder mekaar baklei en dat die magtige Umzila, kaptein van die groot Matshangana-stam van oor die Lebomboberge, al die noordelike naturelle met 'n aanval bedreig. Dis sou 'n kommando oorbodig maak (43). Nog beter nuus het gekom: Katlagter, die sterkste kaptein van die noorde na Magato, het saam met ander kapteins afgesante gestuur om vrede te maak en onderdanigheid te betuig (44). Nieteenstaande hierdie verheugende berigte, voel Kruger tog nog treurig en neerslagtig om wille van onenigheid onder sy manskappe en omdat ontevredenes sonder verlof sy kommando verlaat het. Veelseggend is die einde van die brief:

> "Wat 'n moeite heb ik al niet gespandeerd om ammunitie en al wat nodig is te krijgen, en toch word ik beschuldigd en geblameerd niet gezorgd te hebben... ach het is voor mij zwaar en moeylijk alzoo krijg te voeren, het is ten eenemaal onmogelijk."

Tog probeer Kruger om hom teen die noodlot te verset: om te veg teen homself, teen sy eie mense en teen sy vyande. Dit was tragies, en die bitterheid daarvan laat Kruger ons aanvoel in 'n brief van 5 Julie wat hy, na die gebruiklike klagtes oor diensweieraars en ammunisie, laat eindig met hierdie beskamende sin vir 'n kommandant-generaal:

> "sommigen zeggen dat 't goevernement te slecht is om de wetten te kunnen handhaven... en dat het een gruwelijke teleurstelling was, omdat de burgers niet deze kop Makalakal willen bestormen, terwijl ik alreeds tot 3 malen order gegeven heb

om/...

---

42. ibid.
43. Theal, op. cit., Vol. IV, bl. 489.
44. Engelbrecht, S.P., op. cit., brief CLXXIX, Kommandant-generaal aan staatspresident, Lager aan Makalakalskop, 23 Junie 1868.

om met geweld in te nemen, kan ik tot mijn leed niet slagen"(45).

Vir die tweede maal in 1868 moet Kruger onverrigtersake huistoe keer. Op 11 Julie word die kommando deur die krygsraad ontbind. As redes vir die ontbinding lees ons in die rapport:

1. die gevaarlike Machem, alias Kalakal, kan nie uitgedors word nie: hy het water op die top;
2. daar is gebrek aan kos en aan slagvee;
3. die gras rondom die laer is verbrand, en so is daar geen weiveld meer vir die beeste nie;
4. die regering kan ons nie van ammunisie voorsien nie.

'n Wag van 80 man moet bly. Kruger se wilskrag en deursettingsvermoë blyk uit die volgende belofte of bedreiging: dat 'n sterk kommando in September a.s. of seker voor Februarie 1869 sal opkom (46).

Na die kommando se mislukking, gaan die president persoonlik Zoutpansberg toe om met die kapteins wat om vrede gevra het te onderhandel. Op 21 Julie 1868 word 'n groot vergadering op Welgevonden in Groot Spelonken byeengeroep (47). Saam met die president was aanwesig: Landdros van Nispen, St. Schoeman en afgevaardigdes van die verskillende kapteins. St. Schoeman is toe offisiëel voorgestel as die diplomatieke agent vir naturellesake in die noorde. By monde van die afgevaardigdes belowe die stamme om op vriendskaplike voet met die Republiek te lewe en die opgawe reëlmatig te betaal. St. Schoeman tref verder reëlings met die stamhoofde, sodat na 5 jaar van onrus en stryd eindelik 'n toestand van betreklike rus intree, en die Boere hul plase weer kan gaan bewoon (48). Die "Leeu van die noorde", Magato, het hom egter nie oorgegee nie; die Doornrivier bly sy grens en Boere bring vir hom geskenke om nie gemolesteer te word nie (49).

Die stamme uit die suide, uit vrees vir die voorgespieëlde nuwe kommando, versoek einde Oktober 1868 om vrede by die

kommandant/...

---

45. ibid., brief CLXXXI, Kommandant-generaal aan staatspresident, Lager aan Makalakalsop, 5 Julie 1868.
46. ibid., brief CLXXXIII, Kantoor van Kommandant-generaal aan staatspresident, Rustenburg, 22 Julie 1868.
47. Theal, op. cit., Vol. IV, bl.489.
48. ibid.
    Van Oordt, J.F., op. cit., bl.135.
49. Theal, op. cit., Vol. Iv, bl.490.

kommandant van die wag op Makapaanspoort. Met genoeë meld Kruger hierdie gelukkige nuus aan die president (50). Daarop begewe hy hom onmiddellik, vergesel van slegs 2 burgers, G. Engelbrecht en J. Meyer, na die statte van Makapaan, Machem en hul bondgenote om vrede te sluit (51). Laasgenoemdes is bra verwonderd dat Kruger so alleen en sonder argwaan in hul midde verskyn. 'n Indoena van Makapaan het toe vir hom gesê:

> "Als het vrede is dan is dit ook vrede en als het oorlog is dan is het ook oorlog"(52).

Paul Kruger belowe dat die regering die vrede sal aanneem op voorwaarde dat hulle hul kranse en berge verlaat (53).

Einde Januarie 1869 word in die Uitvoerende Raad die vredesbepalings behandel en op 1 Februarie 1869 word die voorwaardes aan die betrokke stamhoofde oorgemaak (54). Op 12 Junie word 'n kommissie aangestel om te gaan sien of die voorwaardes nagekom word (55). Machem was met die verhuis en met die opgawe in orde; Makapaan versoek om vrystelling van die beeste-opgawe en om te mag woon op die plek deur Kruger in 1867 aangewys. Ingesien die armoede van die stam, word die versoek ingewillig mits 'n klomp inboorlinge gestuur word om die verwoeste huise op Potgietersrus te help heropbou. Machem het die in 1867 ingeboekte vroue en kinders teruggekry (56).

Terwyl by die begin van 1869 in die suide vrede kom ontstaan daar in Maart 1869 tussen die stamme in die noorde 'n verwoede stryd (57). Umzila neem die geleentheid te baat om met 'n impi van 5000 man die hele streek te plunder. Die regering het dit as 'n verdiende afstraffing beskou en hom nie daarmee bemoei

nie/...

---

50. Engelbrecht, S.P., brief CLXXXVIII, Kommandant-generaal aan staatsekretaris, Pretoria, 29 Okt. 1868.
51. ibid., brief CXC, Kommandant-generaal aan staatspresident, Makapaanspoort, 18 Nov. 1868.
    Bredell, Grobler, op. cit., bl.64.
52. ibid.
53. ibid., brief CXC, Kommandant-generaal Kruger aan die staatspresident, Makapaanspoort, 18 Nov. 1868.
54. Theal, op. cit., Vol.IV, bl.400.
55. U.A.B. d.d. 12 Junie 1869, art.30. Argief/Pretoria.
56. sien (11)
    Theal, op. cit., Vol.IV, bl.400.
57. ibid.

nie (58). Dog die uiteindelike straffing het gekom toe die Swazies, ou vyande van die Bavenda, in Oktober 1869 hul hande vry kry om ou twiste met Magato en sy bondgenote uit te veg. Dit het 'n bloedige afslagting en 'n woeste plundering geword, "neither woman or child being spared"(59).

Na hierdie wrede en onverwagte oplossing van die naturelle-kwessie, benoem die Uitvoerende Raad 'n kommissie onder kommandant-generaal Kruger om die krale te gaan opmeet en om die hutte en weerbare manne te tel (60). Op 10 November hou Kruger 'n byeenkoms met die afgevaardigdes van die stamme naby Renosterpoort op die plaas van P. du Preez; en op 12 November skryf hy vanuit Albasini se skans, Goede Wensch:

> " De kaalkaffers (Swasies) hebben hier grote schade toegebracht aan de vijandelijke kaffers, doch geen kwaad werd gedaan aan de Vrede-kaffers (hulle wat reeds aan die Republiek onderworpe was). Alles is hier in 'n moeylijken toestand maar wij hopen het op eenen goeden voet te krijgen ... de bezigheden zullen wel 5 tot 6 maanden kunnen duren. Katlagter en andere voorname kapteins komen zich onderwerpen en beloven al de geweren uit te leveren... er zijn in Zoutpansberg ongeveer 60,000 weerbare mannen" (61).

In die woelige en geteisterde distrik het dus in die najaar van 1869 eindelik vrede gekom. Die burgers kon weer vryelik asemhaal en moontlikhede is geskep vir 'n toekomstige Pietersburg.

---

58. ibid.
Van Oordt, J.F., op. cit., bl.136.
59. Theal, op. cit., Vol. IV, bl.490.
Munnik, op. cit., bl.46.
60. U.R.B. art.27 d.d. 26 Okt. 1869, Argief/Pretoria.
61. Engelbrecht, S.P., op. cit., brief CCXIII, Kommandant-generaal P. Kruger aan Uitvoerende Raad, Goede Wensch, 12 Nov. 1869.